SAKE 24 (Rapport)
Sunday, 22 August 2010, p. 7

BELEGGING MOET LANGER LEEFTYD, INFLASIE IN AG NEEM

Groeibates 'n moet vir aftrede

ADRI VAN ZYL IN JOHANNESBURG
adri.vzyl@sake24.com

Die grootste fout wat mense maak as 'n beleggingsportefeulje ná aftrede saamgestel word, is om hul lewensverwagting en die uitwerking van inflasie op hul kapitaal te onderskat.

Dit lei daartoe dat hul beleggingsportefeuljes té konserwatief is, sê mnr. Pieter Koekemoer, hoof van persoonlike beleggings by Cornation Portefeuljebestuurders.

Koekemoer sê baie min mense besef dat hulle teen aftree-ouderdom nog 30 jaar lank kan leef en beplan nie daarvoor nie.

Iemand wat vandag 65 jaar oud is, kan nog 20 jaar leef. Daarom moet groeibates (aandele en eiendom) by 'n beleggingsportefeulje ingesluit word.

Baie lesers het *Sake24* genader oor die beste belegging vir afgetredenes ná 'n berig verlede week dat geldmarktrusts nie die mees geskikte oplossing vir afgetredenes is nie.

Een van die stellings was dat dit moeilik genoeg is om te spaar vir aftrede, laat staan nog te spaar ná aftrede.

Koekemoer se raad hierop is dat mense moet kyk na 'n pensioenportefeulje wat saam met inflasie groei.

Met beleggings in die geldmark is die groeikoers nou niks, terwyl 'n goed saamgestelde portefeulje in groeibates 15% per jaar lewer.

Dit is wat pensioenarisse nodig het omdat hulle kapitaal aan hul portefeuljes onttrek. Indien die beleggings nie minstens teen dieselfde koers as inflasie groei nie, word kapitaal vinnig verweer (lees die tabel).

Hoe meer kapitaal onttrek word, hoe minder bly oor. As die geld daarby nie groei nie en die inflasiekoers is 6%, sal die pensioenaris se inkomste ná vier jaar begin daal as hy elke jaar 7,5% as inkomste onttrek.

'n Pensioenaris wie se belegging ná inagneming van koste en voor inagneming van inflasie (nominaal) teen 12,5% per jaar groei en wat 7,5% per jaar daarvan onttrek, se inkomste sal eers ná 22 jaar daal.

Koekemoer sê daar is beleggings wat oor 'n tydperk van 'n dekade 'n opbrengs van tussen 12,5% en 15% lewer.

Nietemin moet pensioenarisse ook daarop voorbereid wees dat opbrengste op beleggings in die volgende paar jaar nie so sterk sal groei soos in die afgelope dekade nie.

As die nominale opbrengs op beleggings van 12,5% tot 10% per jaar daal, die inflasiekoers 6% per jaar is en die pensioenaris onttrek 7,5% as inkomste, sal sy inkomste ná 13 jaar reeds daal en nie eers ná 22 jaar nie.

Mnr. Pieter Koekemoer, hoof van persoonlike beleggings by Cornation Portefeuljebestuurders.

Batetoewysingstrusts is effektetrusts wat voldoen aan regulasies vir beleggings van pensioenfondse. Al dié trusts belê in aandele, effekte, die geldmark en eiendom. Daar is vier onderafdelings waarin die blootstelling aan aandele verskil:

→ Batetoewysingstrusts met min blootstelling aan aandele is gemik op kapitaalgroei op lang termyn en die opbrengste skommel op kort termyn nie so erg nie. Die trusts moet minder as 40% van hul bates in aandele hou.

→ Batetoewysingstrusts met matige blootstelling aan aandele is gemik op kapitaalgroei op middel- tot lang termyn. Die opbrengste kan skommel en hulle moet tussen 40% en 65% van die bates in aandele belê.

→ Batetoewysingstrusts met groot blootstelling aan aandele is gemik op kapitaalgroei op lang termyn en die opbrengste is meer wisselvallig as dié van die bogenoemde. Tussen 60% en 75% van die bates moet in aandele wees.

→ Batetoewysingstrusts met 'n gevarieerde blootstelling aan aandele kan tusssen 0% en 75% van hul bates in aandele hou. Die opbrengste kan wild skommel.

Koekemoer sê die veranderende omstandighede van 'n langer lewensverwagting en laer opbrengste op beleggings laat mense met drie keuses om voorsiening te maak vir 'n deurlopend goeie inkomste ná aftrede: werk langer, belê in instrumente met groter risiko en onttrek minder geld vir inkomste.

Koekemoer sê mense wat aftrede met vyf jaar uitstel, kan – danksy die voordele van saamgestelde groei – eindig met 2,5 keer meer kapitaal.

"Mense wat bekommerd is oor of hul geld ná aftrede gaan hou, moet aanhou werk."

Vir dié wat reeds afgetree het, is sy raad om in die eerste jare van aftrede minder van die kapitaal te onttrek.

Pensioenarisse word toegelaat om ná aftrede tussen 2,5% tot 'n maksimum van 17,5% van hul kapitaal te onttrek. In die eerste paar jaar (tussen 60 en 70 jaar oud) moet dit beperk word tot hoogstens 5% of 6%, sê hy. Dan moet 60% van die beleggingsportefeulje nog in groeibates wees.

As die pensioenaris 70 jaar oud, is kan hy dit oorweeg om tussen 7% en 8% van die kapitaal te onttrek.

Op hierdie tydstip moet die blootstelling aan groeibates in die beleggingsportefeulje afgeskaal word tot 40%.

Koekemoer sê daar is tien effektetrusts wat in die afgelope dekade opbrengste van tussen 12,5% en 15% gelewer het.

Die gemeenskaplike kenmerk van hierdie trusts is dat tussen 35% en 60% van hul beleggings in groeibates is.

Effektetrusts waarvan onderliggende bates geskik is om groei te bied teen min risiko, is die stabiele effektetrusts en batetoewysingstrusts met min blootstelling aan aandele. Koekemoer sê die kans is skraal dat beleggers in dié portefeuljes oor 'n tydperk van 6 tot 12 maande 'n kapitaalverlies sal ly.

Hy beveel nie batetoewysingstrusts met groot blootstelling aan aandele vir afgetredenes aan nie. Die blootstelling aan aandele is te groot.

Iemand wat tydens die markinsinking in 2008 afgetree het met sy geld in 'n batetoewysingstrust met groot blootstelling aan aandele sou in die eerste jaar ná aftrede reeds 9% van sy geld verloor het weens markbewegings. Hierteenoor sou die kapitaal in 'n trust met matige blootstelling aan aandele met 3% gegroei het.

SAKE 24 (Rapport)
Sunday, 22 August 2010, p. 7

Só raak onttrekkings en opbrengste kapitaal

Onttrekkingskoers p.j. (%)	Nominale beleggingsopbrengs p.j.				
	2,5%	5,0%	7,5%	10,0%	12,5%
	Aantal jare voordat inkomste daal				
2,5	21	30	50+	50+	50+
5,0	11	14	19	33	50+
7,5	6	8	10	13	22
10,0	4	5	6	7	9
12,5	2	3	3	4	5
15,0	1	1	2	2	2
17,5	1	1	1	1	1

Bron: Coronation